

18 Junie

Skrifgedeelte: Jesaja 42:1-4

Fokusgedeelte: Jesaja 42:3

Lankmoedige ontferming

Dwarsdeur die boek Jesaja word Israel deur die ballingskap aangespreek as die dienaar wat deur God aangestel en uitverkies is om sy wil aan die nasies bekend te maak en die moedeloos te inspireer om weer lig te sien (Jes 42:1-9). Die verbondsverhouding tussen God en Israel wat al by Abraham begin het, is selfs deur die ballingskap nie verbreek nie. Die ballinge het hulleself as nietige, Godverlate mense beskou, as 'n wurm (Ps 22:6). Maar juis hulle kan staat maak op die hulp van God.

Israel was egter doof en blind vir die taak wat God hulle opgedra het. Selfs op die boodskap van verlossing het hulle met ongeloof gereageer. Tog het God belowe dat Hy sy seën op sy dienaar sal uitstort. Uiteindelik het die volk in ballingskap besef dat God juis deur hulle verbryseling besig is om hulle die lig vir die nasies te laat word.

In twee treffende beelde van 'n riet en 'n dof-brandende lampfit word God se lankmoedige ontferming teenoor sy ontroue dienaar uitgebeeld. Hy gebruik nie geweld nie. Hy sal die geknakte riet nie afbreek en die lampfit wat dof brand, nie uitdoof nie! Niemand is so geknak deur die mag van die sonde dat herstel nie moontlik is nie! Solank daar nog lewe is, is daar nog hoop!

Voel jou kragte uitgeput en jou uitsig donker? In Christus het jy 'n Hoëpriester wat met al jou swakhede medelye het. Hy wat eens soos 'n riet geknak en wie se lewensvlam aan die kruis uitgedoof is, sal op jou gebed jou krag vernuwe en jou lewe weer verlig. Hy het gekom om geknakte riete te heel en lampfitte wat dof is, weer helder te laat brand!

Sing: Psalm 9:7

Dr DR Fouché (Emeritus)